

## TANZANIË vervolg

ontsteld dat die Christene die Evangelie verkondig, wat van hulle kulturele gebruike teenstaan. Bid dat hierdie Christene in staat sal wees om duidelik en voortdurend die waarheid en liefde, wat slegs in die Evangelie gevind word, uit te leef.

**22 OOS-AFRIKA** In Oos-Afrika raak kinders en jeug verstrik in die tydelike bevrediging van dwelmmisbruik. Bid dat die Here kinderbedieningswerkers in dié streek sal help om 'n positiewe invloed in die lewens van hierdie jongmense te hê.

**23 SOEDAN** Seidi Nuri\* se man is in 2011 dood, en sedertdien ervaar sy druk van haar Moslemfamilie. Hulle gebruik haar moeilike omstandighede om haar te kry om terug te keer na Islam toe. Sy vra dat ons vir haar sal bid om geestelik te groei en vir God om in haar behoeftes te voorsien.

**24 DIE PERSIESE GOLF** Bid vir die talle Christelike byeenkomste, sommige hoogs geheim, wat deur die res van die jaar gaan plaasvind. Bid vir God se seën vir elke byeenkoms en vir die spanne – mag hulle aanhou om getrou en ywerig te werk, namate hulle poog om God se Woord op verskeie manier bekend te maak.

**25 ETHIOPIË** Nigist moes noodgedwonge van haar dorpie vlug nadat haar man haar geskei het, en tesame met die dorpsmense, gedreig het om haar leed aan te doen. Sy sorg nou op haar eie vir haar twee kinders. Bid vir God se bemoediging en voorsiening vir haar.



Bid vir God se bemoediging en voorsiening vir Nigist van Ethiopië terwyl sy op haar eie sorg vir haar twee kinders.

**26 ALGERIË** Verlede jaar Oktober het 'n pastoor in die hof verskyn nadat hy daarvan beskuldig is dat hy 'n onwettige plek van aanbidding oopgemaak het. Die saak teen hom is hangend – bid asseblief vir guns vir hom en dat die saak teen hom uitgegooi sal word.

**27 LIBANON** Prys die Here vir die vrede waarmee Libanon in onlangse jare geseën is wat dit 'n veilige hawe maak vir vlugteling. Bid vir die land se leierskap om aan te hou om saam te werk teen enige gerugte van oorlog en dreigende onrus in die streek.

**28 KAMEROEN** Bid asseblief vir Haoua. Sy is die ma van 12-jarige Kadidja wat gely het aan lewersirroose en verlede jaar November oorlede is... Haoua het ook verlede Oktober haar twee-jarige dogter, na 'n kort siekbed, verloor. Bid vir die Here se onderhoudende vertroosting en krag vir haar.

**29 PALESTYNSE GEBIEDE** Bid vir Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond wat uitdagings ervaar met hul kinders se opvoeding, met die voorsiening in hul daaglikse behoeftes, en met die bou van verhoudings met hul Moslemfamilie en – gemeenskap. Bid vir wysheid, leiding en voorsiening vir hierdie gelowiges.

**30 JEMEN** Die oorlog in Jemen ontvang baie min aandag. Miljoene mense is op die punt van verhongering en baie ander ly aan wanvoeding. Bid asseblief vir 'n einde aan hierdie verskriklike, en skynbaar vergete, oorlog, wat baie mense se lewens eis.

**31 MALI** In Mali neem vervolging al hoe meer toe en die regering is onder druk om die land te Islamiseer, so hulle oorweeg om sjaria wette te implementeer. Bid vir God se seën op Geopende Deure se werk namate ons die Kerk help om hierdie veranderinge te hanteer.

\*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org) | I [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)



@opendoorssa



Open Doors South Africa



open\_doors\_sa



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



“En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.” –Mattheus 24:12-13 (OAB)

Maart  
2018



**1 SRI LANKA** Bid vir Christene wat die *Standing Strong Through the Storm*-opleiding bygewoon het. Bid dat, te midde van die vervolging, dit wat hulle geleer het, hul geloof sal versterk, en dat hulle sal onthou dat God ons in elke situasie verlos en staande hou.

**2 INDONESIAÏ** Hou asseblief aan om te bid vir drie van die slagoffers van die bomontploffing in Samarinda verlede jaar: Alvaro (5), Trinity (4) en Anita (3). Bid vir God se genesing oor die letsels op hul lywe, asook die geestelike trauma wat hulle verduur het.

**3 MALEISIÏ** In Maleisië, wanneer 'n Christen die Evangelie met 'n Maleisiese Moslem deel, kan beide die Christen en die Moslem vervolgt word. Tog is daar steeds Christene wat kies om uit te reik na die Maleiers. Bid vir wysheid en beskerming vir hierdie Christene.

**4 NOORD-KOREA** Haejoo, van Noord-Korea, lei 'n vroue Bybelstudiegroep in 'n land naby die Noord-Koreaanse grens. Selfs al word sy deur die vrouens se families gedreig, gaan sy steeds voort met haar bediening. Bid vir beskerming vir Haejoo, asook vir haar fisieke en geestelike welstand.

**5 NOORD-KOREA** Bid vir Noord-Koreaanse gelowiges gedurende die ysige winter, wanneer baie mense verhonger omdat daar nie genoeg kos is nie. Bid dat God hulle van geestelike en fisiese brood sal voorsien.

**6 INDIÏ** Evangelisasie in die Jharkhand-staat het 'n baie moeilike en lewensbedreigende onderneming geraak. Bid asseblief vir die politiese landskap om te verander, sodat Christene en die Evangelie verwelkom sal word.

**7 IVOORKUS** Silué, wat in 2016 'n Christen geword het, het na haar man se dood baie druk van sy Moslemfamilie ervaar. Hulle het twee keer probeer om haar uit te huwelik aan 'n Moslemman. Toe sy weier, het hulle al haar besittings weggevat. Bid vir die Here se voorsiening vir Silué.

**8 IRAK** In Irak, veral oor die afgelope jare, het kerkleiers al hul energie ingespan om hul kerklede aan die lewe te hou en Christenskap in die land te bewaar. Bid vir hernude krag en uithou vermoë vir hulle – mag die Here Jesus altyd hul bron wees terwyl hulle na Sy skape omsien.

**9 IRAK** Bid vir die kinders van Irak wat getraumatiseer is deur die verwoesting wat hulle in die land beleef het. Bid vir hulle totale genesing in die Here: fisiek, geestelik en emosioneel.

**10 BANGLADESJ** Bid vir wysheid vir kerke, namate hulle meer inisiatiewe beplan wat sal help om die volgende generasie gelowiges se kennis in die Woord van God te verdiep.

**11 SIRIÏ** Kruideniersware in Sirië het baie duur geword en daar is 'n tekort in voorraad. As gevolg hiervan verdwyn inkomstes en spaargeld vinnig. Bid asseblief vir die Here se vernuwning en ingryping in hierdie land.

**12 TUNISIÏ** Yacina\* se ma is teen haar Christelike geloof gekant en plaas baie druk op haar om terug te keer na Islam toe. Bid vir volharding vir Yacina en dat God haar ma se hart sal versag, sodat sy ook Christus sal leer ken.

**13 TUNISIÏ** Hajer\* is 'n Gelowige vanuit 'n Moslemagtergrond en sy is fisiek gestremd. Sy word erg deur haar ekstremistiese broer mishandel. Bid vir God se beskerming oor haar en vir die Here om haar broer se oë oop te maak vir die waarheid rakende wie Hy is.



Bid vir hernude krag en uithou vermoë vir kerkleiers in Irak – mag die Here Jesus altyd hul bron wees terwyl hulle na Sy skape omsien.

**14 LIBIÏ** Die onstabiliteit in Libië het veroorsaak dat die slawehandel in die land ontplof het in grootte. Christene en baie ander is slagoffers hiervan. Bid asseblief vir die wat geliefdes in die slawehandel verloor het, en vir 'n permanente oplossing vir hierdie uitbuiting van God se kinders.

**15 SAOEDI-ARABIÏ** Bid dat die baie buitelandse Christene in Saoedi-Arabië geleenthede sal hê vir samesyn. Mag die manier hoe Christene mekaar liefhet, 'n getuigenis wees wat Jesus aan Saoedi-burgers openbaar.

**16 DEMOKRATIESE REPUBLIEK DIE KONGO** Nadat Toby (13) en baie ander van sy dorpie gyselaar geneem is deur Moslem-ekstremiste (*Allied Democratic Forces*), het hy sy ma se brutale moord aanskou. Hy is nou weer veilig, maar erg getraumatiseer – bid asseblief vir genesing vir Toby en vir baie ander kinders soos hy.

**17 DEMOKRATIESE REPUBLIEK DIE KONGO** Manda (29) het erge brandwonde opgedoen aan die hande van haar Moslemman nadat sy 'n Christen geword het. En die res van haar familie het haar ook verwerp. Bid vir krag en waagmoed vir Manda, terwyl sy nou die vervolging en verwerping wat haar kant toe kom, verdra.

**18 BROENEI** Christelike vieringe en simbole word verban in Broenei, uit vrees dat Moslems hierdeur mislei kan word. Bid vir kreatiewe maniere vir Christene om steeds fees te vier en die Evangelie-boodskap met die rondom hulle te deel.

**19 MALEDIVE** In die Maledive is die invoer van Christelike literatuur streng verbode. Volgens berigte, het selfs toeriste al probleme ervaar omdat hulle hul eie persoonlike Bybel by hulle gehad het. Bid dat, ten spyte van hierdie verbod, geheime gelowiges wonderbaarlik Bybels en Christelike literatuur sal bekom en meer oor God sal leer.

**20 GUINEE** Séré (in haar 50's) het baie vervolging ervaar sedert sy 'n Christen geword het. Sy het haar werk verloor, nadat haar kollegas dit reggekry het om haar lidmaatskap by die onderwysersassosiasie te kanselleer. Sy het toe 'n klein besigheid begin, wat mense geboikot het. Bid dat sy, te midde van die vervolging, die Here se leiding sal ervaar.

**21 TANZANIÏ** Verlede jaar Julie, is die Masai Christene deur die etniese groep, Masai Morans, aangeval. Die groep is